Nuusbrief

Junie 2017

Ek kan nie glo dat die jaar al in die helfde trek nie en kan net sê, dankie Jesus dat hierdie eerste 6 maande verby is en dat ons dit gemaak het!

Dit was ‘n “roller coaster ride” al die pad, soveel goed het oor ons pad gekom en was daar tye wat ek eenvoudig net wou moed opgee, maar kan ek net getuig dat Jesus elke dag die pad saam met ons gestap het. Ons was gekonfronteer met dinge waarmee ons nog nooit vantevore mee te doen gehad het nie en was dit maar moeilik. Dan onthou ek die preek van een van ons pastore jare gelede, dat dit nie net die God van die dale is nie maar ook die God van die berge en stadig maar seker is ons besig om die berg uit te klim en sal ons weer bo uitkom. Hierdie tyd het ons net sterker gemaak maar besef ek ook dat die duiwel soveel spanners in ons wiele wil gooi om ons negatief te maak en moed te laat opgee!

Maar is daar ook soveel victories om altyd te vier! Ons kinders in die hoërskool speel almal hokkie en het ons matriekseun die jaar 1ste span gespeel en sy boetie O.16A, die ander tweetjies was maar nog beginners maar het so goed gedoen en is daar beslis baie potensiaal. Dit was met ‘n knop in die keel wat ek die laaste hokkiewedstryd van ons matriekseun gaan kyk het. Ons is nou in die pylvlak van al die laastes en neem ons en hy stadig maar seker afskeid van skool, kindwees, die lekker van sport en maats en oral waar hy betrokke was. Ek kan nie dink dat die klein seuntjie van 8jr terug, die jaar in matriek is nie! Hy is so ‘n gentleman, omgee kind en het ontwikkel in ‘n ongelooflike stunning jongman op wie ons baie trots is.

Lesse geleer die afgelope paar jaar, het gewys dat al ons kinders nie altyd gereed is om direk na skool verder te gaan studeer nie en het ons dit goed gedink om hom die geleentheid te gee vir ‘n “gap” jaar en wil ons hom graag inskryf by Metamorphe, ‘n jaarprogram wat Doxa Deo aanbied. Hier kan hy ontdek wie hy is, word hy bietjie uitgedaag op sy sterk en swak punte en gee dit ook rigting met wat hy eendag met sy lewe wil doen! Ongelukkig is dit ‘n baie duur kursus, maar is ons in die prosesse met sponsers en is daar reeds ‘n trust gestig om ons kinders te help spesifiek vir die doel, en wat sal help om ‘n jaar soos die moontlik te maak. Ongelukkig benodig ons nog finansies om die droom ‘n werklikheid te maak, maar daarvoor maak ons ook al planne.

Met die res van die kinders gaan dit ook goed, dit was vir my net ongelooflik om te sien hoe hulle hierdie uiters moeilike tyd en moeilike situasies hanteer het, hoe hulle net daar vir mekaar was, en die liefde en omgee vir mekaar, hulle is ware boeties en sussies!

.

Kontakbesonderhede: 083 696 8600 of 012 644-2524
E-pos: theresag@ki-deo.co.za
www.ki-deo.co.za
FB: Ki-Deo

Aan die einde van die kwartaal neem ons ook afskeid van een van ons meisiekinders wat in pleegsorg gaan. My hart is maar bitter seer en het sy ingekom as ‘n 8-jarige dogtertjie en word sy nou 16. 8 jare wat ons die voorreg gehad het om te kon deel in haar lewe en haar te kon sien vorm en groei. Haar plekkie gaan beslis leeg wees en gaan ons al die lawwe grappies en giggles mis en so ook elke kind in die huis, want met elkeen van hulle het sy ‘n spesiale band gevorm. Sy gaan na wonderlike ouers toe by wie haar boetie ook in pleegsorg is en weet ek dat Jesus vir haar beslis die beste ouers gekies het. Daar was al baie trane en gaan daar nog baie trane wees, maar gelukkig sal ons haar nog sien en sal sy nog kom kuier!

En dan het ons weer die voorreg om deel te kan word van ‘n 5-jarige dogtertjie se lewe. Die kleine mensie kom eersdaags kuier en word sy dan begin van volgende kwartaal by ons geplaas. Intussen is ons besig om haar kamer reg te kry en kleertjies vir haar te kry en danksy soveel mense wat eenvoudig net hul harte vir ons kinders oopgemaak het, lyk haar kamer al so mooi en is daar al ‘n hele paar stukkies mooiste meisiekind klere in haar kas! Ons is baie opgewonde oor haar koms en vertrou dat Jesus die stukkende mensie op Sy tyd, sal gesondmaak en dat sy baie gelukkig by ons sal wees!

Benodig en maniere om Betrokke te raak:

- Ons benodig mense wat maandeliks kan help met **toiletware** vir ons kinders. Dit is maar ‘n duur uitgawe, veral omrede die meeste meisiekinders is en reeds tieners, ons sou graag wou hê dat ‘n persoon of selgroep by ‘n kind betrokke raak en aan die einde van elke maand, die spesifieke kind se toiletware kan koop.
- Ons mikpunt is ook om mense **finansieël** betrokke te kry by ‘n kind om sodoende onafhanklik te kan raak van die Staat se subsidies en om Ki-Deo se voortbestaan te kan verseker. Ons is ‘n geregistreerde welsynsorganisasie met die nodige NPO nommers en in die hele projek is ons 82% swart wat ons ‘n Level 2 BEE rating gee. Vir elke donasie kan ons dan ook ‘n artikel 18A sertifikaat uitreik wat gebruik kan word vir belastingdoeleindes.
- Hulp met **kinderpartytjies**, enigiets is altyd welkom.
- Mense om te kan help met **huiswerk** in die middae.
- **Kruideniersware**, vars vrugte en groente en vleis.
- Reël van ‘n **uitstappie** of net ‘n lekker kuier.
- **Crafts of enige handewerk** te kom doen met die kinders.

Groter Projekte

- Ons benodig baie dringend ‘n nuwe **sitkamerstel**. Ons s’n is die jaar al 12jr oud maar ongelukkig is sy stoffering nie baie goed nie en kan ons hom ook nie net oortrek nie. Die aanvanklike materiaal waarmee hy oorgetrek was, was nooit ‘n goeie en sterk materiaal nie en het amper van dag 1 af begin lelik raak. Dit raak nou ‘n seer oog en sou ons graag op ‘n stadium ‘n groterige hoekstel wil kry om almal te kan akkommodeer.

Kontakbesonderhede: 083 696 8600 of 012 644-2524
E-pos: theresag@ki-deo.co.za
www.ki-deo.co.za
FB: Ki-Deo

- Die huis moet van binne en buite **geverf** word wat ‘n groot uitgawe is.
- Ons wil die huidige rekenaarkamer in nog ‘n kamer verander om sodoende minder kinders in ‘n kamer te hê. In die een **kamer** is daar 4 meisiekinders en wil ons hulle graag twee-twee in ‘n kamer sit. Benodig dan beddens, beddegoed, gordyne, ens.
- Sandpunt vir ons kleiner kinders.

‘n Hele klomp en duur projekte waaroor ons mag droom, maar die geloof het om te kan glo dat dit haalbaar is en dat ons dit kan doen. Ek sit en dink op die oomblik dat ek blou word aan maniere hoe ons dit finansieël kan doen en sal beslis op ‘n stadium ‘n fondsinsameling begin spesifiek daarvoor. Bid en vertrou asb saam met ons dat Jesus ook die regte mense op ons pad sal stuur om te kan help met die projekte.

Op 1 Julie is ons 12jr oud en was dit absoluut ‘n pad van geloof en het ons net altyd God se Goedheid en Guns oor Ki-Deo beleef! Dinge wat onmoontlik gelyk het, het God moontlik gemaak en deel ek graag spesiale oomblikke saam met julle!

Kontakbesonderhede: 083 696 8600 of 012 644-2524
E-pos: theresag@ki-deo.co.za
www.ki-deo.co.za
FB: Ki-Deo